# DIE WÊRELD EN ONS.

Hoewel die tweespalt tussen die Weste en Ooste nog onveranderd voortduur, het die onmiddellike spanning effens afgeneem of miskien het ons ook so gewoond geraak daaraan dat die abnormale vir ons normaal geword het. Terwyl die westerse lande kort-kort in beroering gehou word deur die maneuwers van die Kremlin in Duitsland, Sentraal-Europa en die Balkanlande, seëvier die kommunisme nog verder in China wat onteenseglik verlore is. Selfs die magtige Amerika kan nie op al die fronte tegelyk keer nie en probeer dus om ten minste deur sy ekonomiese hulp Wes-Europa van die Kremlin-kolos te red. Berigte oor ekonomiese toestande geniet dan ook nou voorrang bo die politieke. Baie lande het te kampe met onoffisiële stakings wat vanuit Moscow aangehits word, met die gevolg dat die program van heropbou ernstig vertraag word. Dit geld veral vir die transport- en dokwerkers in Engeland wat teen 'n regering van hulle eie keuse te velde trek en die Arbeidersregering groot hoofbrekens besorg, so selfs dat die koning onlangs verplig was om 'n nasionale noodtoestand te proklameer na aanleiding van die dokstaking in Londen. 'n Ander vername ekonomiese probleem is die betalingsbalansvraagstuk. Dit tref veral Engeland wat nog steeds baie meer invoer as uitvoer met 'n gevolglik gedurige dalende reserwe. Wat die einde sal wees, kan niemand voorspel nie, maar intussen is dit byna skokkend om te sien hoe die eertyds ryke Brittanje deur die oorlog verarm en verswak is.

Daardie verswakking geld ook sy internasionale status en binnelandse politieke posisie. Dit het meegebring 'n prysgawe van dele van die oorseese ryk en 'n poging om nouer aan te sluit by die westerse bure, militêr sowel as polities. Op die oomblik is die belangrikste stap in laasgenoemde rigting die stigting van die Raad van Europa wat 'n soort algemene Wes-Europese parlement met beperkte magte moet uitmaak.

Tien state sal binnekort verteenwoordigers na die eerste vergadering van hierdie liggaam stuur, nl. Engeland, Frankryk, Nederland, België, Luxemburg, Italië, Swede, Noorweë, Denemarke en die Ierse Republiek. Om aan die Sowjets nie verder aanstoot te gee nie, is ooreengekom dat die Raad van Europa geen militêre aangeleenthede sal bespreek nie, maar hom bepaal tot sake van ander aard. Die liggaam sal geen wetgewende bevoegdheid hê nie en die lede sal proporsioneel volgens bevolkingstal verteenwoordig wees. Die algemene liggaam sal verder onder noukeurige toesig staan van die byeenkoms van buitelandse ministers van die ledestate wat as 't ware 'n vetoreg besit. Alles is nog vaag en in 'n voorbereidende stadium, want die besonderhede wat betref administrasie, finansies, sittingstye, magte ens. sal eers later gereël word. Tog beteken hierdie eerste stappe 'n nouere aaneensluiting wat uiteindelik onder die druk van omstandighede die deelnemers mag laat besluit om 'n deel van hulle eie nasionale soewereiniteit prys te gee om sodoende die ideaal van 'n Europese federasie nader aan verwesenliking te voer. Met die groot nasionale verskille was soiets voorheen byna ondenkbaar, maar die afgelope oorlog het die wêreld kleiner gemaak, kontinente laat inkrimp en die nasionale state van Wes-Europa belaglik nietig laat voorkom in hulle geïsoleerdheid. Veel hang natuurlik af van druk van buite, want Rusland moet noodwendig hierdie beweging as vyandig teen homself beskou.

Te midde van hierdie twee groot opponerende groepe staan die Organisasie van Verenigde Nasies hulpeloos om die eenvoudige rede dat dit uit belanghebbendes bestaan en tussen sy groot teenstanders nooit die rol van arbiter kan speel nie. Soos Langenhoven dertig jaar gelede van die Volkerebond getuig het, is dit "a mixture of acids and alkalies, with a promiscuity of further incongruous drugs thrown in, and the unwieldy bulk rather aggravated than mitigated the association of incompatible ingredients." (Everlasting Annexation).

Intussen is ook Suid-Afrika begerig om aansluiting by die westerse blok te soek. Die regering wil graag die Atlantiese Verdrag onderskryf en daar word selfs militêre samesprekings met Engelse en Amerikaanse instansies gehou. Reeds is offisieel verklaar dat die Unie se taak in 'n botsing tussen Ooste en Weste sal wees om die Kaapse seeroete te beveilig terwille van algemene strategiese oorwegings. Oor hierdie saak is daar weinig onderlinge verdeeldheid in ons land, maar anders is dit gesteld wat betref fundamentele vraagstukke soos die kleurbeleid en ons blywende verhouding tot die Gemenebes. Hierdie is albei sedert jare al op die speelbord van die partypolitiek geplaas met ongelukkige resultate vir die land as geheel.

Wat eersgenoemde betref, is dit onverstaanbaar dat mense wat in hulle harte saamstem oor die groot beginsel van geen gelykstelling maar apartheid, tog vir politieke gewin elke regeringsmaatreël in daardie rigting opponeer. R egeringsondersteuners is weer te geneigd om te dink dat klein praktiese maatreëls in kantore en op stasieperronne 'n oplossing van die probleem daarstel. Die vraagstuk is in werklikheid van nasionale omvang en meer nog, ook internasionaal, want op die duur sal slegs territoriale skeiding tussen die rasse bevrediging gee. In elk geval is dit totaal onnodig dat die politieke partye stry oor die vraagstuk, want fundamenteel is die verskille nie so groot nie. Met die intellektuele en kateder-liberaliste is dit anders: hulle is openlike en eerlike kampvegters vir 'n saak wat in hulle oë reg is en hulle pleit reguit vir praktiese gelykstelling. Die onlangse kongres van die liberale Nusas getuig daarvan. Daarmee kan vergelyk word die prinsipieële standpunt van die studerende Afrikaanse jeug soos geblyk het op die afgelope kongres van die A.S.B. wat veel meer verteenwoordigend is van die algemene blanke gevoel in die land, selfs ook die van die Engelssprekendes die meeste van wie nooit praktiese gelykstelling sal gedoog nie, al laat hulle hulle ook hoe aan die neus lei deur politici.

Wat betref ons buitelandse politiek en ons verhouding tot die Gemenebes, geld dit nie hier die tydelike saak nie, want daaroor is daar op die oomblik nie veel verdeeldheid nie, maar die permanente verhouding van die toekoms. Die afgelope parlementsitting het andermaal aan die lig gebring dat ook hier partypolitiek 'n sinistere rol speel, veral toe die nuwe wet op Unieburgerskap aan die orde van die dag was. Die opposisie het getoon dat hulle nog steeds besield is met 'n Britse rykskompleks wat reeds jare uit die mode is. Die gemoed van 'n deel van die bevolking is nog altyd, as ons die politici moet glo, vervul van 'n vreemde liefde teenoor die Empire wie se nimbus vir hulle nog nie vergaan het nie. Dit is soos Langenhoven die ou Suidafrikaanse imperialis laat sê het: "Our loyalty to our home has always been in strict geometrical proportion to the square of the distance of space and the cube of the duration of time that separated us from her." (Everlasting Annexation). Hierdie teenkanting het plaasgevind wetende dat die nuwe maatreël die wetgewing slegs in ooreenstemming gebring het met die konstitusionele ontwikkeling van die Gemenebes wat, danksy die hulp van die Britse regering, nie meer Brits is nie, sodat die gemeenskaplike burgerskap vanself verval. Dit is dan nou werklik die geval dat Suid-Afrika sy vrywording nie aan daardie mense te danke het nie, maar dat dit ten spyte van hulle plaasgevind het. Dit is inderdaad 'n kommentaar oor ons parlementêre taktiek en politiek.

Maar dit is een van die euwels van ons huidige parlementêre stelsel wat ons geërf het en blymoedig moet verdra by gebrek aan iets beters in die plek daarvan. Voorlopig help dit nie om te veel daaroor te teoretiseer nie, want geen grondwetlike hervorming op die basis van 'n nuwe ideologie het al ooit geslaag nie. Geleidelike ontwikkeling is 'n veel veiliger uitweg. Laat ons dus geduld hou.

D. W. KRÜGER.